

*sé ons beskik as regering voor genoeg inligting, en julle moet as vaderlandslewendie burgers (ek dink dit was die woorde) genoeg vertroue hê om te aanvaar dat so 'n gesprek nie wenslik is nie. Hoe reageer julle daarop?*

PHILLIP Ek het as individu gehelp om die regering daar te stel. Ek wil weet met watter kam hulle sorteer wat ons mag weet en wat ons nie mag weet nie. Een van die mense met wie ons moes skakel, het gevra: wat as hulle julle daar hou en sé hulle stuur julle nie terug voor die regering vir Nelson Mandela vrylaat nie? Vir baie blankes is so 'n tipe argument aanvaarbaar.

*Hulle dink aan Dingaan...*

PHILLIP Ja, maar kom ons kyk na die ANC se buitelandse diplomatieke korps. Die ANC word 'n terroristiese organisasie genoem, maar hy het 'n vryheidsmisie wat hom heeltemal onderskei van ander terroristiese organisasies. Hy het 'n spesifieke politieke bestel, 'n opset, waarvoor hy inisiatiewe wil loods. Die ANC sal so iets nooit doen nie, want dit sal sy buitelandse geloofwaardigheid as organisasie heeltemal vernietig. Maar dit is die tipe argument wat aan ons mense opgedis word. Ek dink baie mense leef in die waan dat ons veiligheid op die spel was.

*Wat dink jy was die werkelike rede?*

HANS Dis baie moeilik om daaroor te spekuleer.

PHILLIP Ja, maar ek noem maar net één van die redes waарoor gepraat is.

HANS Dit is vir my nie so 'n belangrike saak nie. Die regering vertrou op hulle informasie – daar een bygelofie, sou 'n mens kon sé – maar één ding is vir my baie helder: hulle eie informasie is baie keer verdraai. Hier is ouens op Stellenbosch wat informant is. Ek weet wat hulle politieke visie is, en dis uiters skeef en dwars. Ek sal my hoegenaamd nooit verlaat op inligting wat daardie ouens vir my versamel het nie. Ek as kieser kan nie op grond daarvan besluit

nou aanvaar ek die regering se woord nie. Verder is dit vir my as Christen baie belangrik dat die kerk en die Christen 'n profeties-Christelike rol binne die staat moet speel. Ek is as Christen te diep onder die indruk van my eie sonde, en van moontlikhede tot sonde wat daar in my is, om enige regering of enige staat volledig te vertrou. As 'n ou vir my sé hy's 'n Christen – goed en wel. Maar ek wil sien wat hy doen; ek wil sy optrede aan my dade meet. Daarom wil ek ook 'n afstand behou op die dinge. Ek wil nie sé dat ek slegs die ANC vertrou nie, want teologies gesproke kan ek *nemand* vertrou nie. En daarom moet die kerk self gaan uitvind, en self die waarheid soek. Die kerk se waarheid is natuurlik ook 'n bietjie anders as die politikus se waarheid.

*Julle aanvaar dus nie net wat deur ander mense veronderstel word oor die ANC nie.*

PHILLIP Ons is bekommerd. Dit lyk vir my ook asof die redes vir die geweld in die swart woongebiede nie korrek gesinterpreteer word nie. Mense sé so baie keer dis ANC-georiënteerde agitators wat die mense opsweep. Ek het probleme daarmee. Ek het die Youth Leadership Forum se skakeling bygewoon en met studente uit die swart woongebiede gepraat. Daar is gematigde studente wat vir ons sé: man, dis nie die agitators wat ons opsweep nie; daar bestaan nie sulke mense nie. Die hoofding wat ons ontstel, is ons onderwysstelsel. Hulle voel hulle onderwys is minderwaardig. Jan Steyn van die Stedelike Stigting het op 'n leierskonferensie met ons gesels en vertel dat 'n klas wat byvoorbeeld dertig kinders kan akkommodeer, dikwels vyftig kinders het met slegs vier voorgeskrewe handboeke. Aan die ander kant is daar blanke skole wat leegloop, en oorgenoeg boeke. Dit is 'n wanbalans. Ek weet al geruime tyd van hierdie klag en ek het nog geen verandering gesien nie. Dit is hierdie dinge wat die Afrikanerjeug frustreer. Ons ervaar een kant van die politiek in ons skakeling met swart studente, en iets heeltemal anders word vir ons gesé deur regeringsinstansies. En dan is dit moeilik om 'n verband te trek tussen die twee. Jy het twee bronne van inligting: 'n regering vir wie jy uit die aard van jou opvoeding respek het, en jou eie selfkennis en ervaring van swartmense. En nou doen 'n geleentheid soos hierdie hom voor.

Gevolglik gaan jy die kans gebruik om te probeer uitvind wat aan-  
gaan.

*Is dit op grond van gesprekke met swartes binnelands dat julle ge-  
voel het dat dis ook noodsaaklik om met die ANC te praat?*

HANS Sien, die probleem is ook dat ouens binnelands met wie ons praat, anders oor die ANC dink as wat . . .

PHILLIP 'n Ander perspektief, ja . . .

HANS as wat jy normaalweg in 'n blanke perspektief kry. En dit is een van die redes waarom ek gevoel het dat belangrik dat jy met die ANC praat. Hoekom is daar so 'n meningsverskil tussen dr Motlana en PW Botha. Motlana is 'n dokter in Soweto en hy het saam met Nelson Mandela en Oliver Tambo en daardie ouens gewerk. En hy's nog steeds in Suid-Afrika. Ons moet uitvind hoekom daar sulke verskille tussen die persepsies van swartmense en blankes is.

HENNIE BESTER, JOHAN OLIVIER  
EN ANNAMI OOSTHUYSEN

*Het Piet Muller se lesing op Stellenbosch ook 'n rol gespeel in julle besluit om met die ANC se jeugtak te gaan praat?*

HENNIE Onder andere, ja. Die studenteparlement het ook 'n moesie aanvaar dat die regering onvoorwaardelik met die ANC in gesprek moet tree.

ANNAMI Daar was die afgelope jaar op Stellenbosch groepe en individue wat gereeld kontak gehad het met verskillende swart groepe en dit was seker vir dié mense logies dat 'n mens ook met die ANC se jeugliga sal gesels. Veral die studenteraad het gereeld met Inkatha se jeugbrigade kontak gehad, en Hennie was lid van 'n groep wat by Rhodes-universiteit gaan gesels het met die Black Students' Movement. Daar was ook individuele kontak met studeente by Wes-Kaap en so aan.

JOHAN Daar was ook 'n forum vir nasionale studente-organisasies wat aan die begin van die jaar op Stellenbosch gehou is, en waarna verskeie organisasies soos NUSAS en die ASB genooi is. Ons het ook verteenwoordigers gehad van AZASM, die Azanian Students' Movement, wat 'n Black Consciousness-beweging is. Deur met hulle te praat kom jy agter watter persepsies hulle van SA het, en jy gee ook jou persepsies, wat 'n verrykende ervaring is. Dit het alles bygedra tot hierdie idee by Stellenbosch van 'n oop gesprek met die ANC se jeugliga.

HENNIE Die gesprek met die ANC was die logiese gevolg van wat ons hier besig is om te doen. Dis net 'n volgende stap wat geneem moes word.

*Wat is die oorsaak van die gevoel oor 'n breeë linie dat dit tyd geword het om ook met die ANC te praat?*

HENNIE Ek dink 'n mens leer uit die geskiedenis. Ons het gesien

wat in die res van Suider-Afrika gebeur het. Dit is dat hierdie organisasies op die lang termyn wel baie groot belang het by die toekoms van die land, en dat in Afrika miskien elders die fout gemaak is om nooit met hulle te gesels nie en hulle enduit te antagoniseer. Dalk is dit 'n behoefte vir die Afrikaner om dit teen te werk, want die Afrikaner is deel van Afrika. Waarheen gaan hy hardloop? Hy kan nie teruggaan na een of ander stamland nie; hy is 'n Afrikaner, 'n Afrika-inheemse, en hy moet hier leef. Ons kan die swartes nie wegwers nie; ons kan die blankes nie wegwers nie. Hierdie twee groepe moet saambly, en daarom moet jy met al die belang-groepe gesels, en die ANC is definitief een van hulle.

ANNAMI 'n Mens moet erken dat die ANC baie steun het, of dit nou werklike of simboliese steun is. Die buitewêreld erken dat hulle binnelandse steun het, en hulle het ook steun uit die buitenland. Ek glo nie een oomblik dat dit die deurslaggewende faktor is nie, maar ek dink ons besef almal dat hulle wel 'n relevante party is vir die hele SA probleem. As 'n mens enigsins nader aan die waarheid wil kom, gesels jy met soveel belanggroepes as moontlik.

HENNIE Ek dink daar's ook 'n behoefte by ons om deur die propagandamuur te breek: Die inligting wat die breë Suid-Afrikaanse publiek oor die ANC bereik, is baie propagandisties, en 'n baie verdraaide en aangepaste siening. Daar is by mense 'n behoefte om agter die kap van die byl te kom, om die waarheid omtrent die ANC uit te vind, veral die feit dat daar twee bene aan die ANC is: Oliver Tambo se been en Joe Slovo se been. Oliver Tambo se been is die een wat tog 'n behoefte het aan 'n nie-gewelddadige oplossing, en hulle is nog in beheer. 'n Mens wil uitvind hoe hierdie dinge loop, wat presies die houding is.

JOHAN Ek stem saam met Hennie. Ek dink die ANC is op hierdie stadium amper skisofrenies. Die groot meerderheid glo nog aan 'n militêre oplossing. Maar daar is ook van hulle wat moontlik deur gesprek hulle eie mags- en leiersposisie in SA wil bevestig.

ANNAMI Van Zyl Slabbert het in soveel woorde tydens die Staatspresident se begrotingspos in die Parlement gesê dat hy per-

soonlik bewus is van baie mense binne die ANC wat nie so radikaal is as wat in koerante en regeringskringe beweer word nie, en dat dié mense 'n behoefte het om konstruktief in 'n gesprek betrokke te raak. Ons wil nie noodwendig gaan om Slabbert se stelling te regverdig nie, maar om self kennis te neem.

HENNIE 'n Ander ding wat ek ook wil sê: sodra daar van owerheidskant af en van die medië met emosionele argumente oor 'n organisasie geredeneer word, moet 'n mens begin suspisieus raak.

JOHAN Ja, hulle skep dan 'n stereotipe van wat daardie organisasie is, en dit stimuleer mense juis om agter die waarheid te kom, om te sien of daar nie ander moontlikhede in daardie stereotipe is nie.

*Het julle 'n gevoel van wantroue oor die manier waarop julle oor die ANC ingelig word?*

ANNAMI Nie noodwendig nie. Ons neem kennis van die feit dat die ANC gewelddadige metodes voorstaan om die politieke en sosiale probleme in SA op te los. Ons betwyfel nie wat die regering en sogenaamde ingeligte mense oor die ANC sê nie. Ons keur gewelddadige metodes af, maar ons wil by die mense gaan uitvind hoekom dit vir hulle nodig is om sulke metodes te gebruik. Ons sou waarskynlik persoonlike ervarings met hulle gedeel het, want daar's ook mense in ons groep wat weermagdiens gedoen het, mense wat in die townships was en gesien het wat daar gebeur. Ek dink hulle sou 'n belangrike inset kon lewer oor hulle ervarings. En dan sou ons ook aan die ANC gesê het: ons wil nie dat die geweld eskaleer sodat dit op die ou end ons almal raak nie.

JOHAN Ek het reeds my diensplig gedoen; ek het al omtrent 270 dae grensdiens agter die rug. Die grenssituasie in SWA, waar daar dagliks geweld is, is 'n totaal abnormale situasie waarin geweld deur 'n sekere groep as die enigste oplossing gesien word. So 'n konfliktsituasie is vir my totaal kontraproduktief. Ek kan nie sien, en ek wil nie sien dat dit die voorland is vir SA nie, alhoewel dit reeds ver gevorder het. Ons moet juis nou alle alternatiewe ontgin.

*Van regeringskant word die voorwaarde gestel dat die ANC eers openlik moet verklaar dat hy nie-gewelddadig is voordat 'n gesprek of onderhandeling kan plaasvind. Dink julle daar is 'n moontlikheid dat die ANC dit sal doen?*

**ANNAMI** Uit regeringskringe is daar altyd gesê die ANC moet eers geweld afsweer, maar in dié week het die Staatspresident gesê hy wil nie met die ANC praat voor hulle geweld afsweer en hulle verbintenis met die Kommunistiese Party verbreek nie. Dis asof daar 'n nuwe kwalifikasie bygekom het.

**HENNIE** Ek vind dit onrealisties om van iemand te verwag om sy magsbasis te laat vaar voordat jy met hom onderhandel. Dis soos twee kaartspelers wat speel en die een speler sê: lê eers al jou kaarte op die tafel neer voordat ek met jou speel. Dis nie 'n realistiese eis om te stel nie. Nié dat ek geweld goedkeur nie. Hoegenaamd nie; ek keur dit ten sterkste af. Maar ek dink nie jy kan verwag om 'n man kaal uit te trek voor jy hom na die tafel laat kom nie. Dan gaan hy nie na die tafel toe kom nie.

*Dink julle nie die probleem is aan die ander kant net so reëel nie? Die ANC het telkemale verklaar dat hulle slegs kan onderhandel as apartheid heeltemal afgeskaf is, en al die strukture van apartheid afgetakel word. Dis ook hulle argument teen 'n nasionale konvensie. Dink julle hierdie eis is onderhandelbaar aan ANC-kant?*

**ANNAMI** Dis dieselfde situasie as wat Hennie genoem het oor die kaartspelers. Dit sou 'n besprekingspunt kon wees by 'n ontmoeting tussen die ANC en die Afrikaner.

**JOHAN** Dis 'n Catch 22-situasie wat heers tussen die regering en die ANC.

**ANNAMI** En die enigste manier om deur sulke argumente te breek, is om met mekaar te praat.

**JOHAN** Siende dat die regering nou in hierdie situasie is waar

sulke argumente teen mekaar gegooi word en hulle mekaar nie kan bereik nie as gevolg van die voorwaardes wat beide kante stel, moet huis groepe in die middel op informele wyse gesprek probeer voer en kontak maak ten einde sekere persepsies, denkwyses en gevoelens aan mekaar oor te dra om later op hoër vlak verder te word.

**HENNIE** Die ANC het in 'n teleks aan ons gesê hulle is bereid om te praat met enigiemand wat 'n oplossing soek vir die probleem van apartheid. Ek voel dat daardie stelling selfs mense van regeringskant kan insluit. Daaruit blyk 'n bereidwilligheid van hulle kant af om te gesels selfs vóórdat apartheid heeltemal verdwyn het. Ek dink nie dis 'n onrealistiese interpretasie van my nie. 'n Mens sou meer toeskietlikheid van regeringskant wil hé.

*Ek is nogal geneig om jou interpretasie te aanvaar. Kan ek vra: as julle Lusaka toe sou gaan, wat sou julle eintlik daar wil oordra?*

**HENNIE** Ons het al in ons persverklaring gesê dat ons sekere eise en standaarde en verwagtings vir die toekoms het. Nou, dis ons terminologie. Maar om dit af te bring grond toe: iets wat ek graag wou gaan sê, is: moenie dink dat ons die poorte oopgool en as 't ware gaan lê en wag dat almal oor ons hardloop nie. Dis ons land óók en ons wil hier óók 'n toekoms hé; ons wil óók werkgeleenthede hé, en ons wil miskien ook 'n sekere ekonomiese bestel hé wat na ons mening die beste vir almal gaan wees; maar ons erken die feit dat ons met swart mense moet saamleef; polities, ekonomies en sosiaal.

**JOHAN** Ons is deel van Afrika, en ons wil hier bly en hier ons belang bevestig en verseker.

**ANNAMI** En nie eksklusief en ten koste van ander nie.

*Hoe sien julle die probleem van die ekonomie eintlik? Juis op hierdie punt is daar 'n groot gaping tussen die ANC en die regering. Jy het aan die een kant 'n regering wat 'n voorstander geword het van die sogenaamde vrye markekonomie; daarteenoor is die ANC in*

*die Freedom Charter byvoorbeeld ten gunste van die nasionalisering van die myne. Waar gaan daardie twee standpunte hymekaarkom?*

**ANNAMI** Die ekonomiese vraagstuk sou deel van ons voorbereiding gewees het, maar met al die drama wat ontstaan het, het ons nooit daarby uitgekom nie.

**HENNIE** Ek dink die feit dat ons sulke uiteenlopende ekonomiese sienings het, is 'n gevolg daarvan dat die politieke apartheid gebou is op ekonomiese apartheid. Die swartman is as 't ware net op sekere voorwaarde en op 'n sekere gebied tot die vrye mark toegeblaas. Ek dink as hierdie mense op 'n ander manier in die vrye markstelsel sou inkom, sal hulle opvatting ook miskien verander, of sal hulle dalk 'n ander ervaring van dié stelsel kry. Hulle het in die verlede as 't ware net die agterkant van die vryemarkstelsel gesien. Daar's vir hulle gesê: julle gaan net "input" gee; julle gaan nie die produkte ook kry nie. En dis verkeerd.

**JOHAN** Ons het 'n absolute eerstewêreldekonomie in 'n derdewêreldland.

**HENNIE** Suid-Afrika het geweldige potensiaal om hierdie mense op 'n gelyke basis in 'n vrye markekonomie te akkommodeer. Dit moet aan hulle oorgedra word dat daar ook 'n ander ervaring van die vrye markstelsel bestaan as wat hulle tot dusver in SA gehad het.

**ANNAMI** 'n Mens moet alles in jou vernoë doen om te verhoed dat die huidige situasie lei tot 'n regverdiging vir die vestiging van 'n Marxistiese bestel.

**JOHAN** Na die onlangse besoek van Gavin Relly en Tony Bloom aan die ANC, het hulle gesê dat die ANC ook nie 'n suwer Marxistiese ekonomiese bestel voorsien nie, maar meer 'n sosialisme. Ek glo nie hulle ekonomiese plan is so duidelik nie, maar dat dit wel sosialisme sal insluit, is redelik seker.

*Dink julle dis moontlik vir die hele bevolking van SA om in 'n vrye markekonomie vooruitgang te maak, of sal daar aanpassings in 'n sosialistiese rigting moet wees?*

**HENNIE** Ek dink ons moet aanvaar dat die bestel soos hy nou daar uitsien, dalk nie aan almal se behoeftes voldoen nie. Maar ek sal graag 'n toekomstige bestel wou sien wat vir almal se behoeftes voorsiening maak, en ek is seker die vrye markstelsel kan dit akkommodeer.

**JOHAN** Ek dink ons moet deeglik besef dat ons nie heeltemal 'n eerstewêreldekonomie kan hê nie.

**HENNIE** Ons moet ook erken dat ons ekonomie soos wat hy nou is, ook nie 'n suwer vrye markstelsel is nie. Daar is sekere kenmerke van 'n welvaartekonomie.

*Het julle die indruk dat daar by die ANC 'n groter beredwillingheid tot 'n gesprek is as voorheen?*

**ANNAMI** Ek kan nie oordeel of dit 'n groot kentering is, of maar net 'n nuwe tendens nie.

**HENNIE** Dis hoogs onwaarskynlik dat dit sal lei tot 'n toestand waar hulle minder geneë is tot 'n gesprek. As daar gesprek is, is die waarskynlikheid tog eerder dat daar wéér gesprek sal wees. Dis 'n positiewe tendens. Dis tog opbouend.

*Wat dink julle van die Staatspresident se standpunt dat dit nie nou in landsbelang is dat julle Lusaka toe gaan nie?*

**HENNIE** Ons het begrip vir die Staatspresident, maar ons voel tog dis in die jeug se belang dat daar wel kontak sal wees.

**ANNAMI** Ons was teleurgesteld, maar ons het verstaan dat hy konsekwent moes wees met wat hy vantevore gesê het oor gesprekke met die ANC. Ons het hoegenaamd nie verwag dat hy ons voorname besoek sou goedpraat nie. Ons het beslis nie besluit om

voort te gaan met die besoek om sy gesag uit te daag nie. Maar ons bly by ons standpunt oor die wenslikheid daarvan.

*Dink jy die Staatspresident of die regering was werklik konsekwent? Die mening is bekend dat gesprekke met die ANC nie goedgekeur word nie, maar voordat julle op die toneel gekom het, is niemand fisiek verhoed om te gaan praat nie. Dit lyk tog of daar in hulle gevall sterker en aggressiever opgetree is*

**ANNAMI** Dis baie moeilik om daaroor te spekuleer.

**HENNIE** Janee, die optrede van die minister was onverstaanbaar. Dis vir ons moeilik om te begryp hoekom ons fisies verhoed is om te gaan. Maar ons aanslag was deurlopend een van verantwoordelikheid en party-politieke ongebondenheid. Ons kan ons teleurstelling en ons onvermoë om te begryp uitspreek, maar ons gaan nie kritiseer aanvallend wees nie.

*Ek kan miskien sê wat my reaksie is. Jy kan sê: ek is 'n student en ek wil nie te aanvallend wees nie. Maar jy is tog ook 'n landsburger en 'n stemgeregtigde, wat aanspraak kan maak op dieselfde tipe behandeling as wat 'n ander burger kry – of hy nou die direkteur van Anglo-American is, of die leier van die Opposisie, of 'n joernalis. Daar is wel 'n uitsondering gemaak vir die Maties. Is dit nie omdat daar teenoor jongmense 'n ander houding is nie? Voel die regering nie dalk julle is nie ervare of volwasse genoeg om met die ANC te praat nie?*

**JOHAN** My persoonlike gevoel is dat ons die eerste groep uit die Afrikaner-magsbasis was wat met die ANC wou gaan praat. Hierdie groep is effekief die regering se basis. Ek weet nie of die optrede soseer gerig is op die feit dat ons studente is nie. Miskien is dit eerder omdat ons 'n suwer Afrikanergroep is.

**HENNIE** Ons het ook nie voorgegee om met die top ANC-struktuur te gaan praat nie; ons sou met die jongmense gaan praat, met die ANC-jeug.

**ANNAMI** Met wie daar nog nie gesprek was nie.

**HENNIE** Dit bly vir my 'n bietjie onbegryplik. Die jeug het nog altyd 'n tipe mobiliteit en onverbondenheid, amper 'n immuniteit gehad om met mekaar te praat. Dis iets wat feitlik wêreldwyd erken word. Daarom dink ek dis ongelukkig. Miskien is dit 'n seer punt dat dit juis Stellenbosse studente was.

*Hoe het dit gekom dat jy by die groep ingeskakel is?*

Hans Müller, ons KJA-voorsitter, het my genader. Hy was opgewonde, en wou hoor of ek dink dis 'n goeie ding om met die ANC te gaan praat. Ek was saam met hom opgewonde omdat sulke initiatiewe in die lig van die krisissituasie in ons land net goed kan wees. Ek het gesê hy moet ook sy bestuur en my medeleraars inlig omdat dit 'n baie sensitiewe ding kan wees. Prof HW van der Merwe was geesdrifig oor die moontlikheid dat 'n NG-predikant sou saamgaan omdat die ANC gesê het hulle sou meer inligting oor die NGK wou hê, en ook omdat so 'n gebaar 'n belangrike simboliese waarde kan hê. Ek was nie oortuig dat ek die regte man is nie; daar is baie bekwaam mense wat miskien meer inligting oor die kerk het en beter in die rol sou pas. Ek het saam met Hans besluit om eers een van my medeleraars te pols oor die moontlikheid dat dié sou saamgaan. Ek het in Johannesburg al baie blootstelling gehad aan die swart gemeenskap. Maar ek het heeltyd klem gelê op die gedagte dat dit sin sou hê as 'n predikant saamgaan. Ek het ook gevoel dis bloot hoflik om gehoor te gee aan die uitnodiging en dit ernstig te neem. My posisie in die gemeente was delikaat. Ek het dit vir die groep ook gesê. Ek sou baie dinge op die spel plaas deur saam te gaan, miskien selfs my hele bediening. Maar ek het ook gesê as ons niemand kry nie, sal ek dit baie sterk oorweeg.

*Is dit toe wat gebeur het?*

Die nuus het uitgelek voordat ek dit met al my kollegas kon deurpraat. Dis waarom die indruk veral na buite geskep is dat ek buite my kerkraad en buite my medeleraars om besluit het. Dis nie heeltemal waar nie. Ek het probeer hou by die onderneming dat ek omstrede sake met hulle sou bespreek. Ek was besig om dit te doen toe die nuus uitlek en my in 'n moeilike posisie laat beland. Toe die ander leraars die eerste keer kennis neem van die plan, was hulle baie sensitief daaroor; hulle het ook geskrik vir die negatiewe reaksies wat hulle gekry het. Toe het die dagbestuur wat

spoedeisende sake hanteer, bymekaargekom. Ons het die saak bespreek en daaruit het 'n verklaring gevvolg waarin hulle my en Hans min of meer versoek het om nie met die besoek voort te gaan nie.

*Hoe voel jy in beginsel oor die moontlikhede van 'n gesprek met die ANC?*

Terwyl ek in die bediening was, het ek in 'n stadium daarvan bewus geword dat daar in SA nie net twee groepe mense leef nie, swart en wit, maar ook twee persepsies bestaan van die werklikheid van SA. Ek het meer bewus geraak van die effek wat ons beleid oor jare op swartmense gehad het, en die geweldige frustrasie en woede wat onder hulle bestaan. Dit is nie net 'n klomp radikale swartmense wat so voel nie, maar ook 'n groot klomp Christene in die swart gemeenskap. Dit het 'n konflik-situasie geskep wat op die oomblik amper tot 'n dooie punt gelei het. Die situasie het so ver gevorder – die haat aan die een kant en die onbegrip aan die ander kant – dat dit belangrik geword het om dit te beredder. Na my gevoel behoort die kerk hierin 'n belangrike rol te speel. Die kerk is 'n gemeenskap wat nie net leef vanuit die versoening wat God in Christus aan hulle bewys het nie, maar wat ook die versoening wat hy tussen mense bring het, voorleef en soek. Die kerk se taak is om in so 'n situasie 'n middelaarsrol te speel; om nie net brûe te bou nie, maar ook brûe oor te steek, en op die grens te leef van die konflik. Die kerk behoort dit op verskillende maniere uit te waag.

*Dink jy spesifiek aan die NG Kerk?*

Ja. Ek dink die grootste deel van die kerk in SA is reeds 'n lydende kerk omdat die grootste deel van die kerk swart is. Die meerderheid swartmense met wie ek te make gehad het, beleef die hele sisteme, die hele apartheidstruktuur, as 'n vorm van onderdrukking. Die probleem van die NG Kerk is dat hy deur die jare, omdat hy help skep het aan die apartheidstelsel, dit ook deel gemaak het van sy kerkbeleid. Die NGK het hom daarmee die geleentheid ontnem om ook eerstehands kontak te hê met swart en bruin Christene wat aan die ander kant van die draad, aan die ontvangkant van die sisteme, leef. In die wit gemeenskap is jy afgesluit – kerklik, maat-

skaplik en sosiaal – van die swart en bruin Christene. Jy word ook gedurig onderwerp aan bepaalde denkbeelde; ek wil amper sê jy word van jongs af gedrenk in 'n ideologie wat vir jou sê dis 'n goeie ding dat jy apart is, en dat dit tot heil van jou en die ander man is. As 'n mens begin oog kry vir die ekumeniese aard van die kerk, dat dit nie gebonde is aan 'n etniese groep nie, maar alle gelowiges insluit, moet jy vunselsprekend begrip kry vir die ander lede van die liggaam van Christus wat ly. Jy moet begin vra hoekom ly hulle. As jy dan ontdek dat jy deels daarvoor verantwoordelik is, is dit 'n evangeliese imperatief dat jy betrokke moet raak by die nood van jou broer en suster.

*Nog 'n standpunt binne die kerk is dat die ANC te ver anderkant die draad is om ooit betrek te word.*

Ja. Opnames wat ek gelees het, duï daarop dat die morele steun vir die ANC onder swartmense baie hoog is. Die probleem is egter dat die ANC verban is en dat ons dus nie in ons land kan hoor presies wat hulle sê nie. Gevolglik is selfs die swartmense nie in staat om te kontroleer of wat die regering oor die ANC sê, korrek is nie. Hulle ervaring van die regering is van so 'n aard dat hulle in elk geval wantrou wat die regering sê. Dit gee aan die ANC, dink ek, nog verdere geloofwaardigheid by swartmense. Dis gewoon 'n realiteit waarmee ons moet rekening hou. In enige vredespoging in die land of enige onderhandelingsproses sal jy nie aan die ANC kan verbygaan nie. Dit sluit nie uit dat ons ook met ander faksies en groepe in die land moet rekening hou nie.

Ek dink nie die kerk is veronderstel om hom te verbind aan die belang van enige faksie nie. Hy moet probeer verstaan waarom sekere prosesse in die land aanleiding gegee het tot onrus en geweld onder swartmense. Hy moenie te gou oordeel, en ook nie te gou sy aandeel hieraan ontken nie. Ons word geroep om te vra wat sit daar agter as iemand sy aggressie teen ons rig; het ons nie óens iets gedoen wat hom kwaad maak nie? Die NGK, wat deel vorm van die blanke gemeenskap, behoort dié gemeenskap te help deur iets te vertolk van die redes vir die swart aggressie, en hulle te laat verstaan dat dit oor jare kom, en in 'n sekere sin die wrange vrugte is

van 'n beleid wat ons geskep het en waardeer ons ons eie belang probeer verskans het. 'n Mens kan redeneer dat ons dit goed bedoel het, dat ons ook 'n geregtigheidsideaal nagejaag het daarmee, maar dit lyk my die diepste motief was op die ou end: vrees – wat ek ook kan verstaan. Ek het nou die aand na die program oor Emily Hobhouse gekyk, en besef dat die Afrikaner ook maar onderdruk was en deur die onderdrukking heen geworstel het om 'n staanplek te kry. Toe hy dit eenmaal kry, het hy hom voorgeneem om dit nooit weer te verloor nie. Ons moet besef dat hulle vir wie ons gedink het ons doen iets goeds deur 'n tipe selfbeskikking, dit nie so ervaar nie.

*Baie mense voel vandag dat dit weer die kerk se plig is om die onderdrukte te help. Hoekom is die NG Kerk so traag om dit te doen?*

Dis miskien 'n baie sterk uitspraak om te maak, maar my ervaring is dat die NGK op dié punt geweldig onvry is. Ek dink dis omdat die kerk hom vroeër vereenselwig het met die Afrikanersaak en Afrikanerbelange, en dit later kon bekostig om terug te tree. Omdat die Afrikaner polities selfstandig geword het en sy eie potjie kon krap, was dit ook nie meer vir die kerk nodig om hom verder vir die saak van die onderdrukte te beywer nie. Hy kon die Afrikaner rustig in die politiek begelei; hy kon die Afrikaner se magposisie en bevoorregting rustig help in stand hou en regverdig. Die dilemma waarmee die kerk sit, is dat dié verskanste posisie nie heelpad moreel regverdigbaar is nie. Die kerk is verstrengel met een volk se belang en bang om teen die beleid in te gaan en daar die belang te bevraagteken. Hy is gewoon bang vir die steun wat hy kan verloor, en dat sy eie mense teen hom sal keer. Ons kerk is in daardie sin 'n volkskerk. Hy probeer om sý mense gelukkig te hou. By die 1982-Sinode was dit een van die ontstellendste dinge wat ek dikwels by predikante gehoor het: ons moet teruggaan na ons gemeentes toe en teenoor ons mense verantwoording doen oor wat hier gebeur. Daar is ook gesê: ons mense by die huis sal nie saamstem as ons dit en dit doen nie. Ek het die gevoel gekry dat die NGK in 'n groot mate 'n volkskerk geword het wat die belang en gevoelens van sy mense in ag neem voordat hy optree. Dit

maak hom traag om werklik krities teen die bestel in te gaan, want die bestel waarborg op die ou end ons mense se belang en hulle voorregte.

*Dit lyk my daar is dikwels 'n groot kongruensie sigbaar tussen die NG Kerk en die regering se belang. Sou 'n mens nie 'n groter skeiding kon verwag nie?*

Die kerk is nie net 'n volkskerk nie. Die NG Kerk is baie geopolitiseerd, maar op 'n subtiele manier omdat dit baie moeilik iets sal doen wat hom in stryd of spanning bring met die staat. Dit sou seker onbillik van my wees om te sê die kerk is totaal aan die staat onderhorig, want die kerk praat van tyd tot tyd met die staat; daar is kommissies wat agter die skerms met verteenwoordigers van die regering gaan gesels oor netelige sake soos groepsgebiede, verskuiwings, die huwelikswette . . . Ek dink die kerk besef dat daar dinge is wat mense seermaak. My probleem is dat die kerk dit te moeilik waag om in die openbaar krities en profeties getuigend op te tree, en sy vinger te plaas op sekere wonde in die samelewing en die regering te dwing om daarna te kyk.

*Die regering se standpunt teenoor die Maties was: ons weet genoeg oor die ANC om te kan sê dis nie in enigiemand se belang om te gaan praat nie.*

Ek raak toenemend daarvan bewus dat ons samelewing geweldig gelideologiseerd is. 'n Mens merk dit ook aan ons mense se siening van die ANC. Ek weet nie of dit altyd klop met die realiteit nie, of die ANC werklik die terroriste, die kommuniste is soos wat die regering dit aan ons voorhou nie. Al is dit dan ook so, voel ek nog steeds dis belangrik dat jy eerstehands moet gaan kyk. As daar wel Marxiste en revolusionêre is, moet jy gaan vasstel hoekom dit so is. Ek dink die kerk moet dit waag tot op die voorpunt, ter wille dan ook van die *waarheld*. Al is daar dan magte wat jou wil oorrompel, wil ek hé die kerk moet weet sy krag lê in 'n bepaalde soort weerloosheid, selfs 'n nalwiteit. Op die ou end gaan dit nie vir my om 'n politieke daad nie; ek beskou 'n gesprek met die ANC in die eerste plek as 'n Christelike daad. Jy staan in elk geval onder die ge-

bod om jou vyand lief te hé. Christus se lewenstyl was om óók te beweeg na die ander kant toe en die vyand te probeer verstaan en help. Ek dink dis ook deels die roeping van die kerk om vas te stel wie die sogenaamde vyand is. 'n Mens moet raaksien dat die Marxisme die swartes geweldig aanspreek op die vlak van die ekonomiese: in ons ekonomiese sisteem ry hy dikwels aan die pen; hy ervuur min dat dit vir hom voordeilig is, terwyl die Marxistiese teorie vir hom baie meer moontlikhede bied. Daarom kan ek verstaan waarom iemand so 'n teorie kan aanhang. Nog meer: uit swart perspektief, ook van die standpunt van die swart Christen, is jou verbintenis as Christen aan die nasionalisme net so aanvegbaar as wat 'n swart Christen se verbintenis aan die Marxisme vir ons is. Ek sou as Christen wou mee help om hier voor begrip te kweek, en na twee kante toe mee te help aan 'n soort bevryding. Ek dink nie die Christen moet in die eerste plek vra of hy suksesvol gaan wees nie; hy moet gewoon uitmaak of daar onreg in die samelewing is, en dan doen wat God van hom vra. Sy boodskap is een van heil-making; iets van God se heil moet deur die kerk gestalte kry. Die kerk is 'n gemeenskap wat hierdie heil van God eksemplaries moet uitleef en 'n teken moet wees van die koninkryk.

*Dink jy die regering het sy bevoegdheid oorskry deur dit vir julle fisiek onmoontlik te maak om met die ANC te gaan praat?*

Dit sou onnodig arrogant klink om te sê die regering beskik missienie oor inligting wat sy optrede regverdig nie. Moontlik het hulle sulke inligting. Ek sou kon vra of dit werklik wys was. Ek dink dit het teenproduktief gewerk. Ek het dit ervaar as 'n onverwagse inmenging in my persoonlike vryheid, 'n soort ban wat op my eie beweegruimte geplaas is. 'n Mens sou dit kon betwissel so 'n daad in belang is van alle mense, *alle mense in SA*. Die tipe taal wat die regering gebruik – ek veronderstel dit hang saam met die informasie wat hulle van hulle veiligheidsdienste kry – laat my net vernoed dat die ANC deur 'n ideologiese bril betrags word; dat hy gesien word as vyand nommer een; dat hy op 'n baie ongenuineerde wyse gelykgestel word met kommunisme per se. Is dit nie sinvol vir gewone mense om 'n slag eerstehands te gaan kyk of hierdie voorstelling van die ANC met die werklikheid klop nie?

In hierdie tyd waarin ek myself moes verantwoord, het ek ook bewus geraak van die dilemma waarin ons volk en ook die Afrikanerjeg verkeer. Ons het grootgeword in 'n teologiese tradisie waar die klem geweldigt sterk geplaas is op die individu se verhouding tot God, 'n piëtistiese tradisie. Die sosiale implikasies van die evangelie, die belang daarvan vir die samelewing, het dus nie tot ons deurgedring nie. Die deursnee Afrikaner-Christen verstaan geestelikheid as iets wat 'n entjie bokant die aarde en die samelewing en die alledaagse lewe sweef. Dit is 'n vlak waarop jy 'n bietjie troos kry, waar jy nuwe krag en inspirasie put om jou weer in die realiteite in te dompel.

#### *In die tranedal?*

Ja, die tranedal. Maar ons mense se geestelike oortuigings is nie 'n integrale deel daarvan nie. Dit bied nie antwoorde op die grondvlak van ons alledaagse lewe nie; die groot antwoord wat dit bied, is dikwels om ons weg te voer uit die gewone lewe. Dit is anders by die profete, by wie die perspektief van vrede, vreugde en geregtigheid in hiér die lewe fundamenteel is. Ons verhouding tot God word by hulle deurgaans getoets aan ons verhouding teenoor ons medemens. Of ons iets verstaan van God se liefde, blyk uit ons optrede teenoor ons medemens.

*Dink jy dis as gevolg van hierdie abstrakte voorstelling dat die sosiale implikasies van die evangelie dikwels opsygeskuif word?*

Ons is sensitiel daarvoor om die sosiale implikasies van die evangelie uit te spel, veral waar dit vraagtekens plaas oor die wyse waarop ons self ons samelewing ingerig het. Iets wat nou daarmee saamhang, is die feit dat ons begrip van sonde baie individualisties is. Sonde is vir ons die klompie misdrywe wat 'n individu érens begaan. Ons het min begrip vir wat deesdae strukturele sonde genoem word, of die strukturele aard van sonde. Sonde kan op 'n baie subtiese, ongemerkte manier in die struktuur van 'n samelewing nesskop. Die tipiese karaktertrek daarvan is dat niemand werklik die sonde doen nie; maar dit wórd gedoen. Ek dink dis tipies van ons apartheidsamelewing: dit het 'n klomp ellende en

onreg veroorsaak, en hom in daardie sin geopenbaar as sonde – sonde in die sin dat dit verhoudings verbreek en mense se lewens onaangenaam maak of selfs vernietig. Maar as jy vandag enige jong Afrikaner vra of hy direk daarvoor verantwoordelik is, sal hy dit gewoon ontken. Niemand *doen* dit spesifiek nie; jy leef maar *saam* in 'n sisteem wat hierdie soort onreg veroorsaak, en om daardie rede sien jy dit ook nie rank nie en is dit moeilik om daarvan skuldig te voel. Ons het grootgeword met hierdie denkbeelde. Eers toe ek in kontak kom met swartmense, het ek dinge waarmee ek grootgeword het en wat ek as normaal gesien het, soos dat elke dorp sy lokasie het, dat daar swart woongebiede is, eers werklik begin raaksien. Jy sien swart woongebiede is ellendig, jy sien dit het nie naastenby dieselfde kwaliteit behuising en onspanningsgeriewe as ander woongebiede nie – maar dis vir jou amper natuurlik. Die evangelie moet ons daartoe bring dat ons dit as totaal abnormal sien. Daar's meer sulke dinge. Die politieke geskiedenis van die swartman is byvoorbeeld vir my 'n "blank". Jy's net bewus van jou eie geskiedenis, en die geskiedenisboeke hou ook net jou eie geskiedenis aan jou voor. Dit het my byvoorbeeld lank geneem om agter te kom dat die swartman ook 'n gesig het, 'n unieke gesig en 'n unieke geskiedenis; dat hy in homself 'n individu is, 'n mens net soos ek en jy. Dis vir my fundamenteel dat 'n kerk wat van hierdie dinge bewus begin word, ook betrokke sal moet raak. Hy sal moet weet dat hy deel gaan word van die normale Suid-Afrika as hy iets van die konflik wat oral bestaan, ook in homself begin ervaar. Die konflik waarvoor almal vrees, is eintlik vir my 'n gesonde teken. 'n Kerk wat die evangelie in Suid-Afrika ernstig opneem, kan nie verwag dat hy spanningsloos, skotvry, rustig sal voortleef nie.

*The ANC was started in 1912 and was banned in 1960. Could you give a short history of the organisation during its years of legality?*

The ANC did start in 1912 under a different title; it was then called the South African Native National Congress. It started in reaction to the 1913 Land Act which was then in the form of a bill which posed a considerable threat to several African communities, to African landholders, to squatters, as well as to African tenant farmers. It was seen by members of both the urban and rural African community as a disaster on a scale approaching a national calamity. This provided the final initiative to form a national movement. The ANC was formed at a conference in Bloemfontein, a conference drawn from the African rural aristocracy, from the emerging professional élite in the townships, from the church, from journalists, from doctors and lawyers and so forth. Its first ten years or so were fairly gentlemanly. It eschewed any form of mass action until 1918; it did not go beyond petitions and deputations; it mainly oriented itself to making appeals to both the South African and British governments, particularly the British government, tempting to utilize the colonial connection which by that stage of course was more emotional than real. In 1918, just after the First World War, there was a brief period of urban unrest. The towns had grown very quickly during the war and had acquired a new black population and there was a certain amount of militant popular agitation against passes. The Transvaal ANC associated itself with this protest movement and for a short time looked as if it was going to sink its roots in a popular constituency. But this didn't happen, and for a number of reasons. It was partly because at that stage the African middle class was rather frightened of the implication of leading a mass organisation, not least because middle class Africans still had certain interests — professional, material, property, investments — which they felt could be preserved through quieter forms of agitation and protest. The ANC's inter-war history was therefore on the whole a fairly placid one. In 1929, for a brief period once

again, it was brought into association with more radical currents in black politics, mainly as a consequence of the increasingly anti-pathetic attitude towards black national aspirations in white politics. The Hertzog administration had fought an election on the threat of "swart gevaar". There was a new cutting edge of anti-black racism in the electoral rhetoric of white politicians. The ANC responded to this by forming a short-lived association with the Communist Party, but this was again an uncharacteristic interlude of radicalism, and afterwards the ANC continued to function in a rather enervated and lethargic manner until the Second World War. The Second World War was really the watershed in the development of black African nationalism. The war witnessed the development in the towns of the beginnings of black working class consciousness. There developed a substantial African trade movement, and popular spontaneous movements of protest which were oriented towards bread and butter issues that grow out of everyday life. The middle class began to be drawn into these exciting currents and in the process began to be radicalised.

*Was the establishment of the Youth League an important step?*

Yes, it was. In 1943 some of the younger generation represented in the ANC, people with very much the same background as their elders, educated young men and women who were trained at local universities like Fort Hare and Wits, many of them embarking on professional careers, became increasingly impatient with the measured courtesy and gentlemanly procedures of the established ANC leadership. They felt that there were certain opportunities that existed for mass mobilization, for exerting pressure on the authorities that had not existed hitherto, and they felt that the leadership was reluctant and unprepared to meet the new challenges that were presented by urbanisation and the development of a proletariat in the towns. They also felt that the ANC's ideology, its programme, its appeal was too weak, too gentle, too moderate to inspire a mass following. These young men — they included Oliver Tambo, Robert Sobukwe, Nelson Mandela, AP Mda and Anton Lembede — announced a new doctrine of nationalism that in some respects was the mirror image of the emerging force

of Afrikaner nationalism that was developed in the nineteen thirties, a nationalism which emphasized cultural identity, race pride, black consciousness even though that phrase wasn't used in the nineteen forties. This radicalising youthful group was very important in redirecting the ANC away from the politics of middle class petitioning to that of the politics of mass action. The period 1950 – 1960 was the period in which the ANC developed into a popular movement. In the increasingly polarized political climate created by the Nationalist programme of apartheid and social engineering, the ANC began to use more and more militant forms of political action in order to try and resist and respond to various changes that the government was attempting to achieve in those years, for example the redesigning of education, the removal of African locations from inner city areas, and the restructuring of local government in the countryside. In 1960 both the ANC and a splinter organisation, the PAC, headed by men who had become increasingly discontented with aspects of the ANC strategy and ideology which they felt were too moderate and too gentle, were banned. This happened after a pass campaign initiated by the PAC, a campaign which had led to large groups of people assembling themselves in front of police stations in various places in the country. In Sharpeville a group of inexperienced policemen panicked, fired into the crowd and killed 67 people. In the excitement and turmoil that followed the government declared a State of Emergency and passed legislation banning these two organisations. In retrospect of course I think it's possible to see that the government's move was an over-reaction. The ANC and PAC were not at that stage movements that were contemplating any form of political violence, nor were they particularly well organised or particularly strong. They didn't constitute the threat to white security, which the government response seemed to indicate. I think too one should remember that the government's plans in 1960 for the development of black political representation were very different from the future contemplated by the ANC and PAC. Though the banning of the two organisations most certainly was a panic measure, it was consistent with the overall aims of apartheid as envisaged by the Nationalist government. After 1960 both movements went underground; in both cases there was

a brief period of violent insurgency which led to the destruction of both organisations in the sixties and the dispersal of their leadership and active membership either into imprisonment or in exile.

*Is there a great ideological rift between the ANC and PAC?*

Yes, there is. It is a rift which has become even more pronounced during the decades of exile. The essential and basic reason for the split in 1958 between what were then called the Africanists and the ANC leadership was over the question how one defined a nation, how one defined nationalism. The ANC's view of nationalism was a very broad, all-inclusive South Africanism. The PAC held to the tenets of Romantic, racially-bound nationalism which had been influential in African politics in the 1940's and also in Afrikaner politics during the 1930's, 40's and 50's. In particular the PAC people opposed participation of whites in any of their campaigns or activities. Whites were brought into ANC activities through the vehicle of the Congress of Democrats which was started in 1953 as a movement that though ostensibly non-racial, was *de facto* totally white. It was a movement which provided a home for white liberals and members of the white left who wanted to work with the ANC. The ANC's constitution at that stage did not allow for white membership, and so whites were encouraged by the ANC to set up a parallel organisation. The white Congress of Democrats together with the Indian congresses, whose formation of course predated the ANC's and a similar organisation for coloured people called The South African Coloured Peoples' Organisation, functioned in what was popularly known as the Congress Alliance throughout the 1950's. The PAC people felt that the participation in the African people's struggle of people drawn from other racial communities tended to dilute and weaken the ideological appeal of African nationalism. That was one complaint they had about the ANC. The other thing they felt was that the ANC was an organisation manipulated and dominated by communists. It is difficult to say whether the PAC people's objection to communism was based on a principled rejection of the tenets of Marxism, or whether they objected to communism

because many communists were white. I think it is a mixture of the two. The PAC people claimed though that Marxism was a foreign, externally imposed, ideology and was inappropriate to the conditions and for the requirements of black people in South Africa. Since then in some respects the PAC has become, at least in theoretical terms, considerably more socially radical and is now posing itself as a purist socialist alternative to the ANC - rather in the way in which the black consciousness organisations within the country depict themselves as a kind of socialist alternative to the populist and non-socialist UDF.

*Is there a correspondence between the PAC and AZAPO on the one hand, and the ANC and the UDF on the other?*

Yes, there is a correspondence. I wouldn't like to imply that there are direct links between the two. But I think there are two important traditions in black South African politics: an exclusive form of nationalist assertion, and a broader, all-inclusive, non-racial form of nationalism. It is possible to situate AZAPO and the UDF in one or other of these two movements. It is becoming more complicated now, because to a much greater extent than was the case in the 1950's the question of race is becoming blurred, bound up with and complicated by the issue of class. Certainly AZAPO leaders today would not attach in public or even in private the same degree of importance to racial identity as was the case with the PAC people in the 1950's. They certainly would argue that their own analysis is very much determined and influenced by considerations of class. It is just that they feel that in a SA context and in the context of "racial capitalism" a working class identity is almost automatically a black identity.

*How do you explain the fact that after so many years there suddenly is a great impulse in SA to start talking to the ANC?*

First of all, since 1976 the ANC has succeeded in re-establishing for itself a domain in SA politics. This is partly because after a long period of external isolation it has once again been able to re-establish communications across SA's frontiers. The exile leader-

ship in Lusaka is able once again to have a degree of influence within the country. This is a result of the collapse of Portuguese administration and the disappearance of the colonial *cordon sanitaire*. Secondly the tremendous political reawakening amongst black people that occurred in the 70's has found a focus, and that focus is the ANC - it is after all the dominant historical organisation in black politics; it's the movement that represents most strongly the tradition of resistance. When black people reasserted themselves politically they gravitated towards the tradition represented by the ANC. Thirdly, of course, there is the armed struggle. Since '76 the ANC has managed to reopen the option of violent resistance to the regime through re-establishing insurgency within the country, through a campaign of sabotage and attacks on government personnel. Although this hasn't been on a scale which represents a serious military or administrative threat to the authorities, it has nevertheless been prominent enough to have had a tremendous psychological effect on black people. So the ANC has established itself once again - not in an organised sense, but I think in a psychological and emotional sense - as a very important force in black politics. All black political organisations now have to in one way or another define their positions vis-à-vis the ANC. I think the reason why calls for talks with the ANC have been increasingly frequent in the last few months is very much a result of the events of the last year: the turmoil in the townships, the impact this has had on the economy and on business reactions, the increasing foreign hostility towards SA, the increasing lack of international confidence in the South African authorities' ability to handle the situation - all this has had a depressing effect on white morale, on the confidence of even loyal sections of the white community that the government is handling the situation competently, that the conditions can be restored under the present system of things for a return to economical prosperity and political stability. The ANC is very much on the agenda for black people. When people start turning around and saying: who should we talk to? how are we going to arrive at a settlement? how can we satisfy black aspirations? what is needed to restore foreign confidence in the country? it's becoming increasingly obvious that in one way or another the ANC is going to have to be brought into

the picture. That's no longer simply a fact that seems obvious to academics or pro-ANC people in or outside the country, it's becoming obvious to anybody who is disturbed by the present instability and dangers of the situation.

*How do you assess the government's strategy on this point? It's being said that the ANC should renounce violence before any talks could start.*

Well, I think the government is at this stage not particularly interested in talking to the ANC. Therefore they put up a condition which they know for the time being that the ANC is not ready or willing to meet. Certainly on the face of it it is not an unreasonable condition, but I don't think that in making that condition the government is actually doing very much to facilitate the eventual possibility of it and the ANC meeting over a negotiation table. I think if the government legalized the ANC straight away it would put the ball in the ANC's court; it would create a very interesting situation. To legalize the ANC would not mean legalizing violence. It's perfectly possible to say: fine, we now revoke the legislation that was passed in 1960, and as far as we're concerned the ANC's status as a legal organisation is restored. However, the moment that its members start breaking the law they'll be subjected to the normal penalties of the law. In other words, I don't see why the renunciation of violence is a necessary condition for trying to arrange talks between the ANC and the government. After all, the ANC could with a certain amount of logic say: we will meet you once you take your people out of the townships, once you yourself renounce in principle the use of armed force against South African civilians, and so on. I think the government and the ANC, if they're both interested in talking to each other, have got to get beyond the stage of playing games.

*The ANC's repeated position has been that apartheid should first be dismantled together with the whole political power base of the government before talks could start. Do you see that as a real condition which will have to be met?*

I think that what the ANC is saying, is that they're not prepared to negotiate from a position of weakness, and that at this particular point in time they would be negotiating from a position of weakness. Of course they would be negotiating on the basis of tremendous popular support, but very little organized strength, and they would still be negotiating or functioning within this country under conditions which put them at a considerable disadvantage. The other thing is that the ANC's position includes the feeling that there's no point in negotiating unless the objective of those negotiations is fairly clear from the outset, in other words that both parties involved should make it quite clear that they are interested in fundamental political change. They're not interested in negotiating a set of mere reforms that would leave much of the present system of power and authority intact. They're not interested in a system of power sharing. There are certain things which as far as both the government and the ANC are concerned are non-negotiable at the moment, and would therefore not make negotiations at this stage for either side a very profitable exercise. I think the crucial pre-condition for either side to come to the negotiation table is to allow once again the ANC to function legally in this country. This would enable it to build up the kind of organised support which would provide the confidence that it would require before it could come to the negotiation table feeling that it would be negotiating from a position of strength. When the ANC talks about the dismantling of apartheid, one of the prime features or stages in this dismantling would be the restoration of the status quo in as far as its own legal status is concerned.

*Why is the government not interested in negotiations with the ANC at the present moment?*

Because the government is not interested, I think, in seriously weakening the white monopoly of control over central government institutions. They know very well that that is the essential kernel of the issue as far as the ANC is concerned. The government is willing perhaps to contemplate various forms of power sharing in which various racial communities and their representatives will have some role in essential government institutions, but they will have

a role only as racial representatives of particular communities. The government is not prepared at this stage to jettison the concept of racial identity as the essential feature of the political system.

#### *What is the economic policy of the ANC?*

It is worth pointing out that the government's enthusiasm for the free market system is a fairly recent one. Indeed the concept of state intervention, of state socialism, has a traditional place in South African government policy. Traditionally in many respects the South African government in its economic policies has been more statist than free market oriented. The ANC's view of how the economy should be structured is therefore not entirely opposed to traditional arrangements in South Africa. The ANC's leadership includes Marxists; it also includes people who are not; it includes members of the Communist Party, and perhaps people who are not members of the Communist Party but are sympathetic to it; it also includes people who ultimately are probably antipathetic to principles of the Communist Party, although they have worked together for a long time and there are probably personal bonds of loyalty between Communist and non-communist members of the ANC. One should not see the ANC as a movement which contains deep seated political tensions; it doesn't. But I don't think we're talking about a movement in which Marxism or communism exerts a kind of ideological hegemony. I think we're still talking about a movement in which there's a fair amount of variation in the ideological positions of the leadership. What happens at a subordinate level is more difficult to say. I suspect the lower you go down into the movement, the more left or the more anti-capitalist in sentiment it becomes. This is very much a result of the way the popular culture in South Africa is shifting. There's very much been a shift to the left in black political culture during the last few years. As far as the ANC's views on how South Africa's economic future should be organized are concerned, it is difficult to speak with any amount of precision. The ANC's programme is the Freedom Charter, and though the Freedom Charter refers to a nationalisation and redivision of land, I don't think one could dogmatically say the Freedom Charter it-

self envisages a Marxist transformation of the economy. It actually is a document which is inherently ambivalent over economic questions. I think it's deliberately so, partly because these issues were not at the time when the document was written in 1955 and even today issues on which there is unanimity in the ANC's leadership. But I do think that one can predict that an ANC government will, when it assumes control of this country's economy, function in a fairly interventionist way. The state will reorganise the economy to a certain extent in order to equalise the distribution of wealth. But whether this will be on the basis of capitalism or socialism, is something that still has to be decided. It will be decided by what happens within the black community and will be influenced by the kind of relationship the ANC will develop with the working class. Nothing at the moment can be predicted with certainty.

#### *Where does the ANC fit within the spectrum of black political thought at the moment?*

I think it occupies a middle position in that spectrum. If you took a spectrum from right to left defined in terms of principles concerning the economy, the distribution of wealth, the position regarding imperialism, socialism and so forth, the ANC would occupy a fairly central position. To its right you would find Inkatha. Inkatha's leaders appear to favour the perpetuation of a very unrestricted form of free enterprise system. On the left you have AZAPO's anti-imperialist position. AZAPO is very critical of those groups like the ANC which take their ideological cue from the Freedom Charter, which in itself is not a socialist document. So the ANC judged by its attitude to capitalism or socialism is ambivalent. Its leaders certainly when asked are fairly vague as to how much scope private enterprise or private property would have in a post-liberation South Africa; though they make it clear that the State would intervene to a very considerable extent in the economy in order to redistribute wealth. But whether the State would occupy a commanding position in the economy in order to determine future patterns of economic growth and development is not clear from the kinds of statements on the economy that one

has had from such ANC leaders as Oliver Tambo. The ANC's position with regard to its international relationships seems to be one that is non-aligned. They're anxious to diversify the sources of their support as much as possible, as much I suspect for strategic and tactical reasons as ones of principle. They're keen to emphasize that they receive great deal of support from Western Capitalist countries as well as from Eastern Communist countries. So on the sort of issues which in, say, Western European polities define whether an organisation is to the right or the left or the centre, the ANC is, I think slightly to the left of the centre but not dramatically so. Of course in South Africa there are other issues which are important such as for example: the position about race, the position about minorities, the question of defining nations and nationalism; and here again the ANC appears as a movement of compromise rather than extremes. It has always been rather unenthusiastic, and of course more recently quite critical, in its approach to Black Consciousness. It's always had a fairly all-embracing, all inclusive, concept of a South African nation, and this was confirmed recently at its conference in Kabwe in Zambia, when for the first time whites, Indians and coloureds were elected to the ANC's national executive. Of course with its advocacy of violence I suppose it would be possible to put the ANC at the extremist end of the spectrum. But it's one of the harsh facts of South African political life that most urban black people accept that political violence is inevitable — indeed experience it as a daily feature of their lives, and many black people seem prepared to morally endorse violence, and this kind of endorsement and support comes from across a very broad social spectrum. If you're a black person supporting the ANC, it is not a position that puts you on the fringes of society, it is a position which is assuming a kind of orthodoxy in black communal life.

*If the ANC were to become legal and play a bigger role in South African society, where do you think its main opposition would come from? Would it be from AZAPO or from Inkatha?*

I think it would come from Inkatha rather than AZAPO, at least on the basis of the present situation. AZAPO, despite intellectual

qualities of its leadership is not a very well structured, very highly organised body. It doesn't appear to have a very large rank and file following, it doesn't seem to have the capacity to inspire a mass-based form of political participation in its campaigns. Its appeal seems to be limited to people with the intellectual training to understand its often very complex ideas. Inkatha on the other hand does have a strong grass-roots membership, it does have an organisation which is capable of controlling its membership in a disciplined and coordinated way. Moreover I think the hostility between Inkatha's leadership and the external ANC leadership is much more overt, a much more obvious one than the ideological gulf which separates the ANC from AZAPO. The AZAPO leadership has on occasions been critical of the essential principles which have informed the ANC's development. But they've never come out in direct opposition to the ANC leadership in the same fashion that Inkatha leaders have. I think that the disagreements that exist between AZAPO and the ANC at the moment may be more implicit than explicit; and the ANC itself in exile, though occasionally being sharply critical of AZAPO, has never demonstrated to it that hostility which it exhibits towards the leadership of Inkatha. Indeed on occasions the ANC has called for unity between AZAPO and the UDF, which would imply that it believes that AZAPO has a constructive role to play in the politics of liberation. So I think there are good reasons to believe that if the ANC was legalised, its main rivalry would be with Inkatha rather than with organisations to the left of it; and the latter would include not just of course AZAPO, but other so called ultra-left organisations — the Unity Movement in the Cape, for example and perhaps hypothetically some of the trade unions as well. There are differences, yes, but not an unbridgeable gulf at this stage between the ANC and the organisations which flank it to the left.

*Hoe kom dink u is daar in die afgelope tyd soveel pogings om met die ANC te praat?*

Daar het 'n fundamentele verskuiwing gekom in die Nasionale Party se politiek. Aan die begin van hierdie jaar is die beginsel gestel dat daar magsdeling tussen swart en wit moet wees, en die volgende vraag is: hoe verwerklik jy dit? Die regering se poging is om met soveel leiers as moontlik te gesels. Nou ontstaan die vraag: wie is die leiers? Klaarblyklik is dit onder meer van die tuislandleiers, sekere gekose leiers in die stedelike gebiede, vakbondleiers, kerkleiers, mense op onderwysgebied, die "civic associations" wat oral opgedruik het, en uit die aard van die saak die UDF. Die UDF het bewys dat hy 'n faktor is waarmee rekening gehou moet word. Ten spyte van sy herhaalde pogings kry die regering egter nieemand om met hom te praat nie; hy vind dit selfs moeilik om met Gatsha Buthelezi 'n gesprek aan die gang te sit. 'n Mens vra jou af: hoe kom nie? Die enigste afleiding wat ek kan maak, is dat die ANC 'n werklike faktor in die land is, moontlik die belangrikste instrument vir swart politieke uiting. Indien dit so is, is dit kwalik te bedinke dat ander soort leiers hulle vry sal voel om met die regering in gesprek te tree. Ek dink dat ons daarom met die ANC moet praat – om die gesprek oop te maak, en omdat die ANC belangrik is. Ek vermoed die regering praat nie met die ANC nie omdat hy belangrik is.

*Die regering sê daar kan nie 'n gesprek met die ANC wees alvorens hulle geweld afgesweer het nie. Het u enige kommentaar?*

'n Mens kan dit sien as die eerste treë in die onderhandelingsproses: die stel van eise. Daarvandaan moet ons nader aan mekaar beweeg. Die ANC se standpunt is heeltemal verduidelikbaar: as ons geweld afsweer, hoekom sal die regering nog met ons praat? Is dit nie juis as gevolg van die geweld dat ons bewys ons is 'n magsfaktor en dat mense met ons wil praat nie?

*Hoe dink u moet die twee partye mekaar eendag vind?*

Dit sal moeilik wees vir die regering om uit die hoek te kom waarin hy homself gemaneuvreer het deur té sterk standpunte in te neem en dit te herhaaldeilik te doen. As die regering na die eerste besoek aan die ANC die ding 'n bietjie laer gespeel het, sou die gedagte van 'n gesprek nou aanvaarbaarder gewees het. Ek sou dink dat die regering ook van tussengangers gebruik kon gemaak het om die gaping te probeer vernou. Die ANC bestaan net soos die NP ook uit politici, en het genoeg verstand om te weet dat politici één ding nie wil doen nie: they don't want to lose face. Daar sal 'n formule gevind moet word om dit vir albei partye moontlik te maak om by 'n punt te kom waar 'n gesprek moontlik is. Dit word oor die hele wêreld gedoen in konfliktuasies. Almal neem uiterste standpunte in. Dit is minstens die eerste stap. Vantevore het die regering nooit standpunt ingeneem nie; daar is nooit gesê ons sal onder enige voorwaarde met die ANC praat nie. Eintlik is die eerste stap in die onderhandelingsproses dus reeds geneem.

*Kan u iets sê oor die tipe mense wat die ANC leei?*

Ek het ses van hulle ontmoet, almal lede van die uitvoerende komitee. Soos 'n mens van enige groep kan verwag, maak sommige 'n beter indruk as ander. Tambo maak oral 'n goeie indruk. As jy in New York kom, vra die mense: "Hoe kan julle na hom as 'n terroriste-leier verwys?" Hy lyk soos iemand se oupa; praat rustige volledige Engelse sinne; laat sy onderhoriges toe om tussenbeide te kom. Dit het my getref dat sy standpunt konstant is. Ek ken die mense nie goed genoeg om te weet of hulle dit ingeoefen het nie, maar in alles wat ek van hulle gelees en gehoor het, het die ANC 'n konstante standpunt. Wat in die *Cape Times* gepubliseer is, bevat niks eienaardigs nie; ons het dit net so in *Die Vaderland* gepubliseer sonder om dit direk aan Tambo toe te skryf. Daar is 'n jong man, Thabo Mbeki – wie se pa, Govan Mbeki, op Robben-eiland of in Pollsmoor is – 'n indrukwekkende man van wie ons sekerlik nog sal hoor. Pallo Jordan het, verstaan ek, 'n Ph.D. van een of ander Amerikaanse universiteit. Hy's 'n besonder goeie intellek, maar is 'n bietjie ideologies ingestel. Mac Maharaj was 12 jaar lank op Robben-eiland; in die mate waarin 'n mens so iets kan

aflei, sou ek sê hy's 'n egte Marxis. Daar is Chris Hani, tweede in bevel van die ANC se militêre vleuel, Umkontho we Sizwe. Hy's die enigste een wat emosie getoon het toe daar gepraat is oor die ANC en geweld. Hy't gevra: hoekom praat julle van ons geweld? julle is al jare lank met geweld teen ons besig; julle verskuif mense en arresteer ons en stoot ons huiselike plat – is dit nie geweld nie? as ons geweld moet afsweer, moet julle dit ook doen. Daar was James Stuart, oorspronklik 'n bruinman uit Port Elizabeth. Hy het nie veel gesê nie, maar was baie vriendelik. Sy afskeidswoorde aan my was dat ek 'n bietjie Tassies moet saambring as ek weer kom.

*Die ANC sê dikwels dat apartheid eers heeltemal afgeskaf moet word voordat onderhandelinge kan begin. Is hulle bereid om oor hierdie voorwaarde te onderhandel?*

Laat ek eers dit sê: die feit dat die mense vriendelik is, is natuurlik geen aanduiding van wat hulle oor die politiek dink nie. Party van hulle is duidelik lede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party. Hulle gee toe dat daar oorvleuelende lidmaatskap is tussen die ANC en die SAKP (mooi letters: SAKP). Verskillende eise word deur verskillende mense gestel – maar dis onderhandelingsposisies. Die volgende dinge sal waarskynlik gedoen moet word: die vrylating van Mandela, en ook van die ander – indien nie al die ander nie – wat in die hoogverraadsaak gevonnis is.

*Word daar ook geëis dat die ANC 'n wettige organisasie moet word?*

Dié eis word soms gestel. Daarby word gesê: die noodtoestand moet opgehef word, en diegene wat onder die noodtoestand gearresteer is, moet vrygelaat word. Saam met die vrylating van Mandela is dit die drie eise. Taamlik dikwels word bygesê dat die ANC 'n wettige organisasie moet word. Daar is myns insiens nikks verkeerd met dié standpunt nie. As 'n mens bereid is om met swartmense die mag te deel – hulle sê nou wel hulle wil die mag ooreem, maar almal praat mos maar in die begin – en jy wil 'n wettige regering hê in 'n nuwe bestel wat so wyd as moontlik gestuur word, is dit belangrik dat jy met die groot magsfaktore betrokke raak. Die ANC is een van die belangrikste magsfaktore. Dit kan nie noodwendig vertaal word in steun in Soweto en elders nie, maar

die ANC verteenwoordig sedert 1912 vry wording vir die gewone swartman. Hy is die simbool van waaroor dit gaan. Of dit noodwendig stemme sal meebring, weet ek nie. Maar hoekom toets ons dit nie? As die ANC 'n wettige organisasie word, en hy kan homself nie handhaaf nie – wat ek wil betwyfel – dan weet ons waar ons staan. As dit dan blyk dat hulle die oorheersende magsfaktor is, is dit juis rede om met hulle te praat. Daar is groot risiko's by betrokke om die ANC 'n wettige organisasie te maak. Die vraag is egter of ons nie op die oomblik 'n geweldige risiko loop deur hulle 'n onwettige organisasie te hou nie. As 'n mens 'n demokraat is, vra jy jou af of jy mense kan verbied om 'n organisasie te begin en vir hulle regte testry – wat ons sê ons graag vir hulle wil gun; ons verskil eintlik net oor die metode en oor hoe die uiteindelike regering moet lyk. Hoekom nou met die ANC praat? Wel, omdat die regering die pad oopgemaak het en omdat mense dink dat die ANC 'n faktor is – geen twyfel daaraan nie.

*Wat is u mening oor die Maties en die groep predikante wat met die ANC wil gaan praat?*

Dis uit 'n beginselstandpunt enigeen se reg om met enigeen te praat, en ek dink nie 'n mens moet daarmee inmeng nie; die staat het ernstig gefouteer deur die mense hul bewegingsvryheid te ontnem. Die dag toe die Maties se paspoorte weggenem is, was ek in gesprek met 'n taamlik radikale swartman. Hy't gesê hy's vreeslik bly oor hierdie volgende stap in die aftakeling van apartheid. Toe ek vir 'n wat dit is, sê hy: julle behandel witmense nou net soos swartes; julle vat hulle paspoorte ook weg. Dit was 'n nuwe ondervinding vir ons, en die geweldige reaksie wat daarop gevolg het, was teenproduktief vir die regering se standpunt. Heeltemal teenproduktief. Dit was 'n onwyse stap, en waarskynlik nie behoorlik deurdag nie.

*Wat dink u was die werklike rede vir die terugtrekking van die paspoorte?*

Ek weet die amptelike rede is dat dit nie in landshêlang is dat hulle gaan nie. Dit dek daarom baie sonder. Wat sekerlik in gedagte gehou

moet word, is dat die Staatspresident die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch is; dat hy baie duidelik gesê het hulle moenie gaan nie, en dat hulle ewe duidelik gesê het hulle gaan in elk geval. Ek neem aan dat hy toe gevoel het dat aangesien hy die baas van die plaas is, die ander mense op die plaas vir hom moet luister. Iemand moet vir my verduidelik hoe agt studente se besoek aan 'n ander land die landveiligheid kan benadeel. Ek wil darem hopelik aanneem dat die Maties nie net wou gaan luister na die ANC nie, maar ook vir hulle sou sê: kyk krels, ons gaan nie net lê dat julle oor ons loop nie; ons moet darem praat oor hoe die regering gaan lyk.

Daar is gesê dat mense wat met die ANC praat, met die dissipels van die duivel praat – ek neem aan omdat daar sterk kommunistiese invloede is en omdat hulle geweld gebruik. Maar daardie selfde regering het in 1981 gereël dat SWAPO, wat ook kommuniste insluit en ook geweld gebruik (dit kos ons 'n duisend miljoen rand 'n jaar om teen hulle oorlog te voer), 'n gesprek voer met die blanke en ander leiers van Suidwes. Waar lê die beginselverskil? Dit lyk my iemand anders se duivel is iets anders as jou eie duivel. Ek kan kwalik glo dat dit 'n beginselstandpunt van die regering is; dit was 'n ondeurdagte optrede. Veral in die situasie waarin SA hom bevind, waar die hele wêreld na hom kyk, sou ek wou gehoop het dat daar 'n subtieler benadering sou wees in die hantering van hierdie soort situasie. Al kon die indruk net gelaat gewees het dat 'n gesprek eendag moontlik sou kon wees, het die regering sy geloofwaardigheid na buite toe, sy soepelheid na binne toe, en sy morele aansien beslis verbeter. Nou's hy heeltemal in 'n hoek – en hoe gaan hy daar uitkom? Dit beteken nie die gesprek moet ophou omdat die regering so sê nie. Die ANC praat met almal oor die hele wêreld. Dis ongeveer nog net mev Thatcher en pres Reagan wat nog nie vir Oliver Tambo ontmoet het nie. En daar's groot druk in Amerika om Reagan te laat besef dat so 'n ontmoeting belangrike druk op SA kan plaas. Gaan ons nou die heel laastes wees? Gaan dit uiteindelik lyk asof ons so onder druk is dat dit ons is wat die toegewings maak? In plaas daarvan dat ons die initiatief neem en van 'n sterk posisie af beweeg?

Dink u dis 'n ideaal van die ANC om 'n Marxistiese ekonomiese te hê?

By sommige van hulle gewis. 'n Mens moet ook nie die invloed van die SAKP onderskat nie. Dis nie vir my om te oordeel wie's die touleier en wie die agterryer nie. Die ANC sê, en het nog altyd gesê: ons bestaan sedert 1912 en die SAKP sedert 1922; ons het nie kommuniste nodig gehad om vir ons te sê wat om te doen nie; ons is die leiers, hulle volg ons – dit was nog altyd so, en dis nou nog so; ons het wel verskille gehad in die veertigerjare, maar na 1948 was dit duidelik dat ons moet saamspan om vir die regte van die onderdruktes testry. Sonder twyfel is daar 'n sterk kommunistiese element, maar ek kan nie oordeel wie die leiers is nie. Ek is net so oortuig daarvan dat party van die mense oortuigde Christene is. Ek is ook oortuig daarvan dat die oorgrote meerderheid gewone mense is wat érens in die middel ronddobber; hulle het in die situasie beland, is om die een of ander rede die land uit, of was oortuig daarvan dat hulle die oposision moet doen om vir hul regte testry.

Een ding waarby ons nie kan verbykom nie, is dat die ANC nie 'n terroriste-organisasie soos ander terroriste-organisasies is nie. Behalwe vir die Pretoria-bom, en moontlik een of twee ander voorbeeld, het die ANC hom nog konstant daarvan weerhou om bomme te plaas waar gewone burgerlikes seer kan kry of doodgaan kan word. Dis wel so dat hulle posisie verander het en dat hulle nou die amptenary sien as deel van die staat, en dus as telken. Maar kyk 'n bietjie wanneer plaas hulle die bomme: na ure as dit naby 'n winkel is, of in 'n busdepot as die plek reeds gesluit is. Dit is hulle volgehoud standpunt, en ek kan nie getuienis vind dat hulle standpunt verkeerd is nie. Dis bloot omdat ons so lank geglo het dat hulle die staat met geweld wil oorneem, dat 'n mens eenvoudig aanvaar dat hulle soos die PLO en die Ierse terroriste en die Baader-Meinhoff-bende is, wat hoegenaamd nie die geval is nie. Die gevare bestaan dat hulle wel so kan word. Dit sal 'n baie betrekenswaardige dag wees.

Voorstel u in die nabye toekoms 'n gesprek tussen die regering en die ANC?

'n Gesprek is onvermydelik – nie om die mag aan die ANC te oorhandig nie, maar om 'n grondwetlike bestel aan die gang te kry wat

deur soveel mense moontlik ondersteun word. As die ANC by 'n toekomstige verkiesing 'n belangrike faktor blyk te wees, sal hulle in die regering wees. Ek dink dit sal moeilik wees om 'n gesprek te hê na die regeringsuitlatings van die afgelope twee, drie maande. Maar eienaardige dinge het al gebeur. Ek weet nie of dit met opset was of nie, maar in sy toespraak in Port Elizabeth op 30 September het die Staatspresident vir die eerste keer nie die voorwaarde gestel dat die ANC eers geweld moet afsweer nie. Ongelukkig het dit sedertdien geëskaleer, en is dit vir hom moeilik om van sy standpunt weg te beweeg. Hy kan natuurlik daar uit kom deur te sê dis vir die *regering* om met die ANC te praat, en nie vir al die ander tussengangers nie. Ten spyte van wat die Reserwebank sê, is die langtermyn ekonomiese vooruitsig afwaarts. As dit nog 'n bietjie slegter gaan met die ekonomie en die regering 'n dramatiese gebaar nodig het om 'n bietjie vertroue te herstel en te toon dat hy nog in beheer van sake is, sal die moontlikheid van 'n gesprek met die ANC dalk weer oorweeg word. Ek het onlangs 'n aanhaling van 'n vorige Israeliese minister van buitelandse sake, Abbu Eban, gesien wat ongeveer soos volg lui: as alles misluk het, probeer mense tog maar die rede. Ek hoop maar dat dit by ons nie só ver hoeft te kom voor ons redelik raak nie.

#### *Hoeveel keer het u al met die ANC gepraat?*

Eintlik was daar vier gesprekke, maar die eerste een in Hamburg jare gelede het eintlik nie oor die ANC gegaan nie; dit was 'n swiwer menslike gesprek. Iemand wat ek ken, het vir my gesê hy wil hê ek moet die middag in die hotel se voorportaal wees. Daar het 'n swartman gestaan en gesê hy's die ANC se man in Denemarke of in Noorweë, en hy't vir my kom kuier; hy't so lank laas 'n blanke Suid-Afrikaner gesien; en wil ek nie 'n bietjie met hom gesels nie. Dit het my geroer, want die man het klaarblyklik 'n geweldige verlange na Suid-Afrika gehad, en was bekommerd oor sy kinders – oor sy seuns wat waarskynlik nie met Zoeloe-meisies sou trou nie, maar met wit meisies, wat hom glad nie aangeslaan het nie. Hy't gevra waar ek vandaan kom en hoe lyk die woongebiede en hoe is die weer in SA en so aan. Aan die begin van hierdie jaar was ek in Amerika en het gevoel dis 'n geleent-

heid om met die ANC en SWAPO te praat. Deur middel van tussengangers het ek met die New Yorkse verteenwoordiger van die ANC, Johnnie Makatini, in aanraking gekom en saam met hom middagete geëet. Later het die geleentheid hom voorgedoen om in Zambia op 'n meer georganiseerde basis te praat. Ek was ook pas in Amerika by 'n konferensie wat onder meer oor Suid-Afrika gegaan het. Sonder my wete was Makatini en 'n lid van die PAC ook daar, Gora Ibrahim. Makatini en ek het baie goed oor die weg gekom en baie gesels. Met die PAC het dit minder goed gegaan: hulle standpunte is so ideologies dat 'n mens moeilik vat aan hulle kry. Die ANC is baie meer ontspanne in die geselskap van verteenwoordigers van die blanke onderdrukkers; hulle is langer besig met wat hulle as die stryd beskou, en soepeler in hulle benadering, ook ten opsigte van ekonomiese vraagstukke.

#### *Sal die ANC lees wat u hier gesê het?*

Dit hang van u verspreider af. Wat gewis is, is dat die ANC se beleid uitdruklik sê dat Afrikaans sy plek as amptelike taal moet behou indien hulle ooit sou oorneem.

Laat my ten slotte sê: met die harde kommuniste kan ons kwaliplik praat, maar ons sal nie uitvind wie is wie voordat ons nie baie nader aan die ANC kom nie.

## DR PIET MULLER

*U was vroeër vanjaar by die ANC in Lusaka op besoek. Was dit die eerste keer?*

Nee, ek was verlede jaar in die laaste week van November die eersle keer daar. Dié besoek is vir my na agtien maande se probeerslae moontlik gemaak deur HW van der Merwe. Ek het tevergeefs geprobeer om met die ANC in New York kontak te maak.

*Waaraan skryf u die feit toe dat daar in die afgelope jaar dikwels gepraat word oor ontmoetings met die ANC?*

Dit is 'n veranderde houding. Almal wil altyd weet hoe lyk dit aan die ander kant van die rivier; hoe lyk die vreeslike manne wat die land bedreig, en so meer. Aan die ander kant: feitlik elke joernalis kan jou 'n verhaal vertel van ANC-manne wat hy in die buiteland ontmoet het; oor die heimwee wat die mense dikwels na Suid-Afrika het. Maar die probleem is dat daar nooit werklik kontak was nie. Hulle het alle kontak met blanke Suid-Afrikaners en veral met Afrikaners soos die pes vermy.

Ek vermoed dat hulle bereidwilligheid om te praat en mense te ontvang, uit hulle selfvertroue op diplomatieke terrein spruit. Daar word gesê dat hulle reeds meer missies oorsee het as die regering. En sekerlik het hulle in bepaalde lande merkwaardige resultate behaal; dink maar aan wat hulle die laaste twee jaar in Australië bereik het in vergelyking met hoe sleg SA daar vaar. Hulle voer inderdaad 'n baie gesofistikeerde buitelandse beleid – wat hulle in 'n groot mate ook aan bande lê, want die Westerse lande wat as gasheere optree, verwag weer van hulle 'n bereidwilligheid om te gesels en hulle ten minste bereid te verklaar tot dialoog. Hulle moet ook hul beleid effens wysig. Ons moet natuurlik ook erken dat dit goeie publisiteit is elke keer as iemand die ANC besoek: dit lyk opsigtelik of hulle belangrik is as mense die moeite wil doen om hulle te besoek. So iets kan natuurlik maklik benut word om te bewys dat jy 'n faktor is wat die land tot op die rand van 'n ineenstorting

gebring het. Daar is 'n element van waarheid in. Aan die ander kant moet ek sê: daar is ook 'n bereidwilligheid om uit te vind wat hier aangaan, 'n geweldige gretigheid om te hoor hoe werk mense se koppe, hoe werk die Afrikaner se kop. Daar is op die oomblik 'n groot belangstelling in wat in die NG Kerk gebeur. Alles wat gepubliceer word, probeer hulle oprap en lees. Die mense doen moeite. Jy moet altyd onthou hulle is op 'n afstand; hulle moet deur tussenlanders ingelig word oor hoe sake in SA lyk. Soos alle emigrés is hulle nuuskierig oor die land van hulle herkoms. Vir die ANC-strateë is dit natuurlik ook belangrik om te weet hoe dink mense in SA. Ek dink die gretigheid om te praat is aan albei kante.

*U praat van die nuuskierigheid om te sien hoe lyk die vreeslike manne. Is hulle so vreeslik?*

Dis werklik interessante mense. Ek het herhaalde male gesit en my oë toegemaak en geluister. As jy jou verbeel jy sien nie die mense om jou nie, jy hoor net die woorde, kan ek my maklik verbeel ek luister na my pa en my ooms wat in die sitkamer sit en bakkeli oor die politiek. Dis presies dieselfde argumente as waarmee ek grootgeword het. Ek het trouens by die ANC nikks gehoor of gelees, veral nie in die Freedom Charter nie, wat nie in een of ander stadium in 'n pamphlet van die Nasionale Party gestaan het nie. Dis dieselfde soort benadering – soms 'n bietjie naïef met betrekking tot vandag se omstandighede. Ek twyfel byvoorbeeld of die Freedom Charter, waaraan hulle naastiglik vashou, en wat eintlik 'n ou-wêrelsdse dokument is, met 'n ou-wêrelsdse sjarme aan hom, vandag vir die meerderheid jong swartmense in die stad aanvaarbaar is. En tog is dit hulle uitgangspunt en is hulle bereid om op grond daarvan te onderhandel.

*Om watter rede is dit nie vir die jong swarte in die stad aanvaarbaar nie? Is dit te konserwatief?*

Dis miskien konserwatief. Hulle praat nog in terme van: almal wat wil boer, moet grond hê – daardie soort argument wat eenvoudig in duie gestort het ná die massale verstedeliking van swartmense. Daar is ook hulle openlike belydenis van taal- en kultuurverskille,

Die Freedom Charter sê baie duidelik dat 'n regering voorsiening moet maak dat mense hulle taal en kultuur kan uitleef. Dit is in hierdie jare op die minste gesé 'n onversigtige formulering vir sover dit die jong manne van AZAPO betref.

*Die regering sê dat die ANC uit en uit 'n gewelddadige organisasie is, en dat hulle eers geweld moet afsweer voordat onderhandelings kan plaasvind. Gee dit 'n juiste beeld van die ANC? Indien wel, dink u die ANC sal bereid wees om so 'n voorwaarde na te kom?*

Kom ons bekyk die vraag van twee kante af. Die ANC is baie grootig om jou daarop te wys dat hulle nie gewelddadig was tot omstreng 1960 nie, toe hulle finaal verbied is en daar vir hulle geen keuse oorgebly het as om oor die grense te vlug en met die stryd te begin nie. Daarin is ook 'n element van waarheid. Daar bestaan wel 'n ouer geslag van mense wat eintlik in die skool van nie-gewelddadigheid grootgeword het – die Gandhi-skool, as jy dit so kan noem. Selfs 'n jong man, een van die opkomende sterre soos Thabo Mbeki, sal jou vertel hoe hy op Loveday op skool was, waar nie-gewelddadigheid byna 'n heilige beginsel was.

Etlike ander mense wat met die ANC in aanraking was, het ook al die gevoel gekry dat party van die ouer garde 'n effense verleentheid het met geweld. Aan die ander kant het 'n mens ook die indruk dat die ystermanne in die bos 'n momentum van hulle eie ontwikkel het, en dat die Sentrale Komitee, die ouer garde, nie in alle opsigte die vinger op die keel van daardie manne het nie. Die manne in die bos is eintlik die enigste wat suksesse behaal het. Hulle het ten minste 'n klompie bomme laat ontploff, terwyl die mense met wie SA eintlik behoort te gesels – die gematigdes, die openlike nasionaliste binne die Sentrale Komitee, niks het om te wys nie. Niemand wou tot dusver met hulle praat nie; hulle kan geen suksesse toon met hulle benadering van nie-gewelddadigheid nie. Dit het 'n geweldige spanning in die ANC veroorsaak, wat in die begin van die jaar by die Kapwe-konferensie na die oppervlak gekom het toe die Jong Turke groter seggenskap begin eis het, en die Sentrale Komitee plek moes maak vir 'n paar mense van Umkhonto we Sizwe.

Om die vraag van die ander kant te benader: sou hulle bereid

wees om geweld te laat vaar? Ek dink as dit so geformuleer word, nee. As hulle geweld moet laat vaar sonder dat hulle status herstel word na wat dit vóór 1960 was, met ander woorde dat hulle ook in SA kan optree as 'n politieke party, glo ek nie hulle sal dink daar is vir hulle enigiets in nie. Die enigste moontlikheid om onder die swartes in SA te handing te bly, is deur voortdurende sabotasie en skouspelagtighede wat ten minste die idee gee dat hulle in staat is om die politieke proses te beïnvloed. As hulle daarvan afstand moet doen, en hulle word tereselfdertyd nie toegelaat om normale politiek te bedryf nie, lyk dit nie vir my asof hulle dit as 'n redelike moontlikheid gaan beskou nie. Daarom sou ek sê: nee.

*Sal hulle geweld afsweer as die ANC volkome wettig verklaar word, en Mandela word byvoorbeeld vrygelaat?*

Dis altyd baie moeilik om sulke voorspellings te maak. Aan die een kant sou ek geneig wees om te sê ja. Aan die ander kant moet 'n mens realisties wees. Hulle het die manne in die bos tot 'n gevegsmag opgebou. Gaan daardie manne bereid wees om alles wat hulle oor die jare opgebou het, net so te los omdat die Sentrale Komitee so sê? Ek dink 'n mens moet kyk wat met SWAPO gebeur het. Daar het op die ou end heeltemal 'n kloof ontstaan tussen die binnelandse en buitelandse vleuel. Dit sou vir die ANC nie maklik wees om in hierdie stadium die momentum van hul gevegsmag te stuit nie. Dit sou miskien tien jaar gelede moontlik gewees het. Ons moet onthou dat daar ná '76 'n geweldige impetus plaasgevind het in die vorm van die sowat 4 000 kinders wat uit Soweto gevlug en by die ANC aangesluit het. Baie van hulle is gestuur vir verdere opleiding; hulle het glo 'n skool in Tanzanië waar 'n mens in allerlei rigtings kursusse kan loop, van staatkunde tot agronomie. Maar die meerderheid van hulle wou net kom veg. Daardie manne is opgelei en het in die bos gaan sit; hulle kon nêrens heen nie, en die Sentrale Komitee wou nie veg nie. Hulle het klaarblyklik in opstand gekom teen die moontlikheid dat die Sentrale Komitee openlik wil praat en oor vrede gesels. Dis 'n geweldige probleem.

Daar is aanduidings dat 'n aantal van daardie jongmense ontnugter probeer terugspel het na SA; party het hulle eenvoudig gaan oorgoe by die mooste polisiestasie. Muur daar is 'n harde kern van

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

**PUBLISHER:**

*Publisher: Historical Papers, University of the Witwatersrand*

*Location:-Johannesburg*

*©2012*

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.